higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1130**(A)**(J5)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N5

(Eerste vraestel)

(9090165)

5 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N5
(Eerste vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne met die woorde in die lys hier onder. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

inflammasie; negatiewe; venepunktuur; positiewe; amniosentese; in die middel van die stroom; hematokriet; vingerprik; tang; lumbale punksie; hemoglobien; antihistamiene

1.1.1 'n Urinemonster moet ... geneem word.

1.1.2 Serebrospinale vog word verkry deur ...

1.1.3 Rh- ... moeders word tydens swangerskap ingespuit om die vorming van Rh-teenliggaampies te verhoed.

1.1.4 'n Klein hoeveelheid bloed word meestal met 'n ... verkry.

1.1.5 Bloed word met .... uit 'n aar verkry.

1.1.6 Daar word met ... vir anemie getoets.

1.1.7 ... is die volumepersentasie rooibloedselle in bloed.

1.1.8 ... word met 'n EST-toets opgespoor.

1.1.9 Allergieë word met ... behandel.

1.1.10 Aangebore gebreke word deur middel van ... vasgestel.

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Praktisyns mag hulle dienste adverteer solank die advertensies professioneel is.

1.2.2 Praktisyns kan voorskrifvorms met die besonderhede van aptekers daarop gebruik.

1.2.3 'n Praktisyn kan die vertroulike inligting van pasiënte in die openbare belang openbaar maak.

1.2.4 'n Doktersbrief moet 'n gedetailleerde beskrywing van die siekte bevat, anders is dit nie geldig nie.

1.2.5 'n Mediese sekretaresse kan doktersbriewe onderteken en aan pasiënte uitreik.

Kopiereg voorbehou

1.2.6 Praktisyns kan pasiënte by hulle praktyke behandel met geheime geneesmiddels wat hulle ontdek het.

1.2.7 Pasiënte se gesondheidsverslae moet ses jaar vanaf die datum waarop hulle rustend geraak het, bewaar word.

1.2.8 Die gesondheidsverslae van verstandelik onbevoegde pasiënte moet tot hulle 21ste verjaarsdag bewaar word.

1.2.9 Die gesondheidsverslae van pasiënte wat vir werksongelukke behandel is, moet 20 jaar ná die behandeling bewaar word.

1.2.10 Pasiënte kan toegang tot hulle mediese verslae verkry.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord net DRIE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Noem DRIE praktiese gebruike van X-strale in die geneeskunde. (3)

2.2 Noem VIER eienskappe wat X-strale in die geneeskundepraktyk nuttig maak. (4)

2.3 Verduidelik die prosedure wat gevolg moet word as 'n volwassene voor jou oë skielik stuiptrekkings kry en onbeheersd begin ruk. (8)

2.4 Watter voordele hou die bestralingsterilisasie van mediese toerusting in? (5)
[20]

VRAAG 3

3.1 Noem SEWE besonderhede wat in 'n doktersertifikaat genoem moet word. (7)

3.2 Grace het begin kraam en daar is op die oomblik geen mediese hulp beskikbaar nie.

Wat kan jy vir haar doen totdat mediese hulp opdaag? (8)

3.3 Beskryf die voordele van 'n gesonde dokter-pasiëntverhouding. (5)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Noem SEWE instrumente of materiale wat vir klein prosedures gebruik word. (7)

4.2 Wat moet 'n mens doen as iemand 'n kwaai, lewensbedreigende allergiese reaksie toon? (8)

4.3 Watter inligting het 'n pasiënt voor en ná 'n patologietoets nodig? (5)

[20]

VRAAG 5

5.1 Noem SEWE maniere waarop medisyne toegedien kan word. (7)

5.2 Watter verantwoordelikhede het 'n mediese sekretaresse wanneer 'n monster na 'n patoloog gestuur word? (8)

5.3 Maak 'n opsomming van die ooreenkomste en verskille tussen 'n antiseptikum en 'n ontsmetmiddel. (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou